

'n Gesprek oor huldigingsbundels het met dié artikel nog nie begin nie, maar is een oor literêre standaarde nie miskien wensliker nie? Daar bestaan koerantrubrieke vir dergelike meningsartikels. Is dit eties geregverdig om so 'n oppervlakkige reaksie te publiseer in 'n geakkrediteerde tydskrif? Indien gehaltebeheer akkreditasie nie beskerm nie, wat dan wel? Die bydraers tot byvoorbeeld die Scholtz-bundel het veel deegliker akademiese navorsing gedoen sonder enige staatsubsidie.

Die akademiese donshael tref maar skrams

Charles Malan

Dit is verblydend dat Joan Hambidge krities kyk na die aard en samestelling van huldigingsbundels, aangesien hierdie soort publikasie min of meer die enigste oorblywende moontlikheid in ons huidige bestel is om essays van verskillende letterkundiges byeen te bring. Dit is ongelukkig waar dat 'n kleinlike literêre politiekery en onverklaarbare opnames in bundels verskeie huldigingsgeleenthede beduiwel het. Omdat die groter saak van bundeling en publiseer so belangrik vir die ontwikkeling van die literêre diskoers is, voldoen ek graag aan die versoek van die redaksie om aan die debat daaroor deel te neem.

Die onverskrokke Hambidge is die regte persoon om ongemaklike sake aan die orde te stel. Dit is egter jammer dat sy haar saak ondermyn deur in sommige gevalle belangrike inligting vir die leser te verswyg, self eienaardig te lees en met donshael los te trek op almal wat redigerende bewegings maak. Alle bundelredakteurs is vir haar slange in die gras.

Sy spreek een van die belangrikste probleme rondom bundeling nie aan nie. Dit word al duideliker dat uitgewers eersdaags nie sal raak aan bundels, selfs huldigingsbundels, wat nie markgerig is nie en eenvoudig die geleentheid bied vir medewerkers om hulle laaie leeg te maak. Bundels moet bemark kan word as toeligtig oor 'n bepaalde oeuvre, genre, periodekode of ander tema. Selfs dié soort bemarkbaarheid waarborg natuurlik nog nie verkope nie, en talle voortreflike bundels staan op rakke en stof vergader of word verpulp. Selfs gidse en handleidings se basiese koste word in baie gevalle nie eens gedek nie.

Almal wat die belange van die literêre bedryf op die hart dra, sal maar die hand in eie boesem moet steek. Dit wil nog nie sê dat Hambidge almal skuldig hoef te laat voel nie. Ek kan nie namens die redakteurs van ander bundels praat nie en hoewel ek ook geen begeerte het om namens die redaksie of medewerkers van *Vanweë die onbewuste* "verskonings" aan te bied nie, sal ek graag aan die hand van haar bespreking op enkele relevante aspekte van haar kritiese werkwysse wys.

Sy verswyg die subtitel, "Besprekings van Etienne Leroux se romans", met ander woorde die tematiesé fokus waarna hierbo verwys is. Die afbakening bring onvermydelike probleme met die opname van bydraes mee, maar verhoog hopelik die bruikbaarheid van die bundel.

Daar skuil nie altyd 'n sinistere politiekery agter opnamekeuses nie. Die Leroux-kenners Kannemeyer en Brink (wat deur Hambidge uitgesonderd word), is wel genader, maar kon soos enkele andere nie meewerk nie. Niemand is as gevolg van kwade gevoelens uit die lysie van moontlike medewerkers weggelaat nie. Henriette Roos was bepaald nie by die bundelsamestelling in 1986 bekend as iemand wat oor Leroux gepubliseer het nie. Die opnamebeperkings is vergelykbaar met die vorige tema-gebaseerde huldigingsbundel vir Leroux, *Beeld van waarheid* (red. A.P. Grové) waarin bepaalde Leroux-kenners ook nie opgeneem is nie.

Indien bundels binne die akademiese diskoers moet oorleef, sal hulle nie slegs 'n tematiese samehang moet hê nie, maar ook toeganklik en waardevol vir (minstens nagraadse) studente moet wees. Sleutels tot oeuvres en periodecodes, asook tendensbeskrywings verhoog uiteraard die bruikbaarheid van 'n bundel. Juis omdat *Vanweë die onbewuste* nie as 'n geslote gesprek vir ingewydes gesien is nie, word breë, verduidelikende oorsigte deur onder andere Johl, Berner, Ester, Botha en myself gegee.

Indien Hambidge my ietwat lughartige opsommings van ingewikkelde aspekte van die poststrukturealistiese diskoers ses jaar gelede oorvereenvoudigend, "glad en glibberig" vind, is dit natuurlik haar goeie reg. Die vraag is of 'n mens nie nog eenvoudiger vir haar moes geskryf het nie. Om my daarvan te beskuldig dat ek Derrida in alle erns as 'n "aartsketter" uitskel terwyl ek sê hy het "oortuigend" betoog dat daar niks buite die teks is nie en nadat ek boonop pas voorheen ewe ironies en teenstellend verwys het na Leroux as "die pastoor van die... intellektuele sektariërs" is mos doodgewoon onsin.

Die verstommendste is egter dat prof. Hambidge as literatuurwetenskaplike verontwaardig vra waar Derrida gesê het dat daar niks buite die teks is nie. Ek voel soos 'n swaap om haar dit mee te deel, maar die baie bekende stelling "There is nothing outside of the text" kan sy op bl. 158 van sy *Of grammarology* gaan lees.

Miskien maak ek soos soveel ander die fout om prof. Hambidge (te) ernstig op te neem. Kan sy ernstig wees as sy sê my bewering dat die Leroux-kritiek lank te veel op die logosentriese argitektuur gekonsentreer het, "is nie juis nie, omdat vele skrywers tog deur die jare in staat was om 'n ironiese boodskap te ontsluit"? As dit onjuis is, moet prof. Hambidge maar die volgende sin ook dekonstrueer: "Die bewering dat die kritiek te veel op die pornografiese argitektuur van Hambidge se poësie gekonsentreer het, is onjuis omdat vele skrywers tog deur die jare in staat was om 'n romantiese boodskap te ontsluit."

Is Hambidge ernstig wanneer sy ses tot sewe lange jare na die skryf van verskeie artikels op grond van die "blitssnelle" teoretiese ontwikkelings bevind: "die tyd het hulle ingehaal"? Soos gesê: terwyl die jagter 'n paar raak skote inkry, is dit jammer dat sy haarself in die voet moet skiet. Omdat haar baie wesenlike besware wel soveel geldigheid het, is dit met teensin dat 'n mens daarop moet wys dat sy ten slotte niks sê oor enige redakteur se basiese reg (en "mag" ook, helaas) om op te neem wat en wie sy/hy wil nie.